

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Doodslag, Moord, Wanneer!

*Dit is immers die boodskap wat julle van
Die begin af gehoor het:
Ons moet mekaar liefhê.*

*Moenie soos Kain wees nie.
Hy het aan die Bose behoort, en het sy
broer vermoor.
Elkeen wat sy broer haat,
is 'n moordenaar.*

1 Joh. 3:11, 12, 15.

GESPREK oor LEWE en DOOD.

Die God wat alles geskape het, was nie tevrede met 'n lewelose skepping nie. Hy maak ook plante en diere wat lewe, ook die mens, as kroon van die skepping. God gee die lewe, die menslike lewe. Lewe is 'n kosbare gawe van God... die ewiglewende.

Op die een of ander onverklaarbare manier het bose magte in die skepping van God ingesluip en die goeie verhouding tussen God en mens, mens en mens, mens en natuur versteur. Die noodwendige gevolg was vervreemding en ja, die dood.

Ons goeie God láát dit egter nie daar nie. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om deur sy kruisiging die sonde en deur sy opstanding die dood te oorwin. Hy stuur sy Heilige Gees om die menslike lewe van binne uit te vernuwe.

Wie in Jesus Christus is, is 'n nuwe skepsel (II Kor. 5: 17).

Om waarlik te lewe, beteken dus veel meer as om asem te haal — om 'n biologiese bestaan te voer. Ware lewe beteken om Jesus Christus te ken (Joh. 3: 16) en om God te ken (Joh. 17: 3). Jesus Christus het juis gekom dat ons die lewe kan hê en dit in oorfloed (Joh. 10: 10).

Dood is ook meer as biologiese dood. Dood is om van God losgeskeur en vervreem te wees. Ons is dood in ons sonde!

Dit alles beteken egter nie dat die biologiese lewe minderwaardig is nie. O nee, dis 'n gawe van God en Hy waak daaroor en beskerm dit op allerlei wyse. Wie die menslike lewe aantast, vergryp hom aan God self.

Dit is teen hierdie agtergrond dat u die volgende gesprekke moet lees.

Amie van Wyk

JY MAG NIE

ANDER MENSE DOODMAAK NIE!

God sê: Jy mag nie iemand anders se lewe wederregtelik neem nie! Jy mag nie doodslaan nie! Jy mag nie jou hand teen jou naaste optel nie. God verbied dit. Jy mag nie jou naaste vermoor ter wille van sy vrou nie, ook nie ter wille van haar man nie. Jy mag nie jou naaste vermoor ter wille van sy goed of besittings nie. Telkens, as jy dit doen, sal God aan jou vra: Waar is jou naaste? Waarom doen jy dit? Jy mag nie!

VRUGAFDRYING?

God sê aan die mediese student en die mediese dokter: Jy mag nie! Jy mag jou nie skuldig maak aan ongeoorloofde en vrye vrugafdrywing nie. God wil dat jy die menslike lewe respekteer en beskerm — ook die voorgeboortelike lewe.

Daar mag uitsonderingsgevalle wees, waar jy as medikus sal moet kies, byvoorbeeld vir die lewe van die moeder, of in gevalle van verkragting, maar jy sal dit met groot omsigtigheid en ootmoed moet doen. God wil die lewe.

GENADEDOD?

Daarom behoort die medikus ook sy hand weg te hou van die inspuitingsnaald om die lydende pasiënt of nuttelose of afgeleefde die genadedood toe te dien. God het die lewe gegee en Hy sal die lewe op sy tyd neem.

Aan die ander kant moet jy ook daarteen waak om 'n sterwende kunsmatig aan die lewe te hou. Ons mag nie die lewe neem nie, maar ons mag ook nie die dood kunsmatig weghou nie. As God se tyd daar is, moet die persoon gaan.

BOUPLANNE?

Hierdie gebod van God tref ook die argitek en bouer: Trek jou planne só goed op, en bou só veilig dat mense nie maklik kan val en hulle beseer of dood nie (Deut. 22:8). Jy moet die lewe beveilig en beskerm. So wil God dit.

DOODSTRAF?

Jy mag nie doodslaan nie — ook jy as owerheid. Daarom word daar 'n polisiemag aangehou om kwaaddoeners te betuel; daarom sal 'n konstabel nooit sommer met die eerste oogopslag skiet nie en wanneer hy skiet, skiet om dóód te skiet nie.

SPORT?

God verwag van die mens om die lewe van sy naaste so doeltreffend moontlik te beskerm en te beveilig en te bevorder. Daarom moet vuilspel in sport, byvoorbeeld in rugby, ten sterkste afgekeur word. Dis immoreel. Kan beroepsboks, waar doelbewus gepoog word om die medemens te elimineer, nog as sport beskou word?

JOERNALISTIEK?

Die Woord van God sny egter dieper as net ons uiterlike daade; dit raak ook ons wóorde, ons gesproke en geskrewe woorde.

As ek my broer uitskel vir 'n gek of 'n idioot, is ek voor God strafbaar (Matt. 5:22).

Ons joernaliste en dagblaaië moet met groot verantwoordelikheid optree. Hulle moet die lewe dien. Ons moet waak teen moord met die woord!

Die gebod sny selfs nog dieper. Dit tref ook my hart, my gesindheid. "Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is strafbaar voor die regbank" (Matt. 5:22). "Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar — en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie." (I Joh. 3:15).

Die ware lewe bestaan nie daarin dat ek 'n ander se lewe neem nie, maar dat ek my eie lewe aan die ander géé. Dit is die grootste liefde denkbaar (Joh. 15:13). Dit het Jesus Christus vir ons gedoen (I Joh. 3: 16).

Amie van Wyk.

JY MAG NIE

JOUSELF DOODMAAK NIE!

Selfmoord is 'n verskynsel wat wêreldwyd voorkom en groot afmetings aanneem. Daar is seker min mense wat nie tydens hul lewe voor die versoeking te staan kom om hul eie lewe te neem nie. Ons lees in die Bybel dat selfs Jesus Christus voor so 'n versoeking gestaan het, maar dat Hy dit oorwin het (Matt. 4:5-7).

HEMEL OF HEL.

Dit is nie my bedoeling om alle selfmoordenaars te veroordeel as vir ewig verlore nie — alleen die Here God vel die laaste oordeel, maar dis my taak om te wys op die verkeerdheid van so 'n desperate stap, om te wys op die reddende genade van God in Jesus Christus, wat ons wegruk van die afgrond van wanhoop, vertwyfeling en depressie en ons op 'n nuwe weg plaas.

Dis my taak om daarop te wys dat daar dikwels 'n toename aan selfmoord ondervind word wanneer daar 'n verval in die godsdienstige lewe intree. Dis my taak om aan die persoon wat selfmoord oorweeg, te sê dat hy die stem van die goeie Herder moet hoor wat die mens wegroep van die dood na die lewe, van die sinloosheid na sinvolheid, van die leegheid na die volheid van die lewe.

MOTIVERING.

Wat is die besware teen selfmoord? Die eerste duidelike beswaar is dat dit 'n vergryp is teen God, teen dié God wat ons in die lewe gebring het en ons 'n staanplek gegee het waarvan ons ons nie eiemagtig mag aflos nie. Die mens mag nie probeer god speel nie.

Die tweede beswaar is dat selfmoord ook 'n vergryp teen jou naaste is. Dit kan gebeur dat 'n selfmoordenaar sy gesin in 'n groot noodtoestand met finansiële en ander probleme agterlaat — wat liefdeloos sou wees. Hierby kom nog die kwelvraag wat die agtergeblewenes teister: Waarom het hy dit gedoen? Wat was my aandeel daaraan?

Selfmoord is voorts ook 'n vergryp teen jouself. Dit is dikwels 'n aanvaarding dat jy nie meer deug nie, nie meer belangrik is nie, nie meer nodig is nie. Mag ek só oor my eie lewe oordeel? Laat die Here my nie juis soms swaarkry om my te louter, om my te leer om naby en diep afhanklik van Hom te lewe nie?

Selfmoord is ook 'n vergryp teen die lewe self. Dit is waar dat die lewe seker nie die hoogste goed op aarde is nie, maar tog is dit 'n kosbare gawe uit Gods hand wat ons met alle mag moet beskerm. Dit sal voorwaar 'n kwade dag wees as ons by elke meningsverskil of misverstand mekaar met selfmoord moet dreig.

Ten slotte is selfmoord ook 'n oorbeklemtoning van die mag van die dood, so asof die dood die groot oplossing van alle probleme is. Is die dood werklik die laaste uitweg en die laaste redmiddel? Of is dit Jesus Christus wat deur sy opstanding uit die dood die toekoms oopgebreek het, sodat die vars lug van Gods genade vanuit die ewigheid kan instroom in ons gebroke werklikheid?

SELFVERLOËNING.

Die enigste korrekte keuse wat u kan maak, is om te kies... nie vir selfmoord nie, maar vir selfverloëning. Dit beteken: ek mag nie my eie lewe néem nie, ek moet dit vir ander géé (Joh. 15:13). Dit is die weg wat Jesus Christus aangetoon, gegaan en oopgebreek het. Hy, wat Self versoek was, is die Helper van dié wat versoek word (Hebr. 2: 18). Hy, die Oorwinnaar oor sonde en dood en demone, is ons Kragbron as ons 'n stem hoor sê: Sny! Skiet! Drink!. Dis sy Gees wat ons staande hou.

Vlug na Hom!

Amie van Wyk

JY MAG NIE AAN 'N ONREGVERDIGE OORLOG DEELNEEM NIE!

Baie mense sê: "Oorlog is oorlog." In oorlog mag ek dan enigiets doen en is alles geoorloof. So 'n standpunt is volkome goddeloos en onmenslik. God verwag van die mens om ook in 'n oorlogsituasie sover moontlik menslik op te tree. Ja, Hy verwag selfs dat ek nie net *in* 'n oorlog menslik sal optree nie, maar dat ek reeds *vooraf* moet besluit om nooit aan 'n onregverdige oorlog deel te neem nie. 'n Onregverdige oorlog is 'n oorlog gebore uit magswellus, uitbreidingsdrang, moordlus, kortom meesal 'n aanvalsoorlog. Aan so iets mag ek in Gods Naam nie deelneem nie!

U mag teenwerp dat daar in die Ou Testament sprake van oorloë is. Dit is waar, maar ons mag nooit die tydelikheid en buitengewoonheid van daardie oorloë uit die oog verloor nie. Dit was ook tugmaatreëls van die Here God oor die goddeloosheid van die Kanaänitiese nasies (Deut. 9:4). In die Nuwe Testament, ná die koms van die Vredevoers, Jesus Christus, lees ons nie meer van sulke heilige oorloë nie. Trouens, Hy prys die vredestigters (Matt. 5:9).

OWERHEID.

Natuurlik is dit waar dat die owerheid moet waak oor die veiligheid en vryheid van sy onderdane. Dit is 'n Godgegewe opdrag (Rom. 13). Daar kan uiterste situasies ontstaan waar hy moet verdedig, waar hy vanweë swaarwegende oorwegings by 'n regverdige oorlog betrokke sou kon raak.

Selfs dan, in hierdie allerlaaste loopgraaf, mag die menslike lewe as gawe van God nie vergeet of geminag word nie. Selfs dan mag die beeld van God nie onnodig geskend word nie.

Daarom is daar tereg beskermende en beperkende oorlogswette... word vrouens en kinders en oues besonderlik beveilig en mag oop stede nie gebombardeer word nie.

Krygsgevangenes mag nie mishandel word nie. Uitwissingwapens behoort nie gebruik te word nie. Kortom, selfs in hierdie laaste krisisuur moet alles moontlik gedoen word om menslik op te tree en onmenslikheid te vermy.

Veral moet ons krities wees ten opsigte van die moderne uitwissingwapens, byvoorbeeld kernwapens. Die groot probleem met hierdie wapens is dat dit so allesvernietigend is dat dit geen grense eerbiedig nie — nie dié tussen soldaat en burger nie, tussen oorwinnaar en oorwonneling, huidige en toekomstige geslagte, veggende en neutrale lande, vaderland en wêreld nie. Kan ons met sulke doelvernietigende wapens nog enige doel bereik?

JAAG DIE VREDE NA.

God roep sy kinders op om in 'n wêreld van hoogspanning en oorlogsdreiging vredemakers te wees (Matt. 5:9). Hyself word herhaaldelik "God van vrede" genoem (II Kor. 13:11), Jesus Christus "Vrededors" (Jes. 9:5), die evangelie "evangelie van vrede" (Rom. 10:5). Begryplikerwys word Christene opgeroep tot broederlike vrede (II Kor. 13:11) en dat die kerk sover moontlik met alle mense in vrede moet saamleef (Rom. 12:18, Hebr. 12:14). Geen wonder dat "vrede" gesien word as besondere kenmerk van die Koninkryk van God nie (Rom. 14:17).

Om vrede te bereik, dit wil sê om 'n omvattende toestand van harmonie, geluk en welsyn te bereik, beteken om daarop te vertrou dat God in Christus alles regmaak en om self altyd reg en geregtigheid na te jaag (Jes. 32:17; Ps. 85:11; Jak. 3:18). Vrede verwys na vrede tussen mens en God, tussen mens en mens, tussen mense en natuur en sielevrede

Die kerk van Jesus Christus nooi u uit om by hom in te skakel as vredesgroep van God met sy vredesboodskap van verlossing en vernuwing, van geloof, hoop en liefde — aan 'n wêreld vol angs en wanhoop.

Amie van Wyk.

Die Wet van God: Straf of vreugde?

Wat dink jy daarvan?

Laat die Tien Gebooie op jou die indruk van 'n knorrige vader wat alle plesier van sy kind wil ontnem?

Jy mag nie sus nie en jy mag nie so nie!
Jy mag nie dit nie en jy mag nie dat nie!

Dit is 'n hele reeks moenies wat jou benoud laat voel.
Dit bedreig jou vryheid as individu.
Dit lê jou handeling aan bande.

So voel u miskien oor die Tien Gebooie.

Daar is ook 'n ander prentjie. 'n Eerlike mens is bereid om na die ander sy van die saak te luister.

IS JY NOG MET MY?

'n Digter van een van die Psalms gee 'n heeltemal ander siening van die Wet van God. Hy sê:

*"U gebod gee my meer insig as my vyande."
"U gebod maak my verstandiger as my leermeesters."*

(Ps. 119).

Is hierdie net vroom praatjies van 'n dweepsieke Wetsaanbidder, of het hierdie digter iets beet? Laat ons 'n bietjie na die voorskrifte van die Tien Gebooe gaan kyk met 'n moderne, kritiese oog.

Die eerste paar Gebooe handel oor die gedrag van die mens teenoor sy Maker. Dit raak jou miskien nie nou al nie. Kom ons laat dit daar.

MY GEDRAG TEENoor MY NAASTE.

Die laaste ses van die Tien Gebooe raak ons gedrag en optrede teen ons medemens (en hulle optrede teenoor my).

Is hierdie rits moenies dan nog knellend, of is dit dan bevrydend?

Een Gebod vra onderwerping aan die gesag van jou ouers en ook alle ander gesag wat reg en billik is.

- ◆ Wanneer ouers die klein kindjie leer om nie ystervoorwerpe in die muurprop te druk nie, belemmer dit die kind se vryheid en gesonde ontwikkeling, of wil dit die klein kindjie beskerm? Wat gebeur as die kindjie nie die gesag van die ouers aanvaar nie?
- ◆ Wanneer die owerheid jou straf, omdat jy nie by die rooi verkeerslig stop nie, is dit om geld te maak, of om lewens, ook jou lewe, te beveilig?
- ◆ Vliegtuigskakings, terroriste-aanvalle, onbeheersde wapengebruik is verwerping van gesag. Reg? Wie ly daaronder? Dit bedreig jou *en* jou naaste se veiligheid, rustige voortbestaan en lewe.

Onderwerping aan gesag is tog nodig! Die eis van die gebod maak sin, red lewens, gee gesonde volwassewording, bring vryheid, rus en 'n geordende beskawing.

STEM JY SAAM?

Jy mag nie doodslaan nie! Hierdie maatreël geld in elke moderne land. Watter chaos sou daar heers indien elkeen sy woede met 'n mes of met 'n rewolwerskoot kon ontlaai?

Hoe veilig is jy as elkeen toegelaat is om, wanneer hy daarna voel, jou te vermoor? Iemand begeer jou motor of motorfiets, jou geld, of hy is sommer net kwaad en daar klap die doodskoot. Die onderhouding en onderwerping aan hierdie gebod bring veiligheid en vryheid.

DIT IS NODIG.

So kan ons die een gebod na die ander ontleed en ons sien dit is basiese lewensreëls. Dit maak die veilige en rustige bestaan vir volk en individu moontlik. Pas ek dit op my kinders toe, dan kweek ek gebalanseerde en goed aangepasde volwassenes.

Onderhou ek die volle draagwydte van die woorde: Jy mag nie egbreek nie, pluk ek die vreugdevrugte van 'n gelukkige, gesonde en mooi huwelikslewe. Dit is iets waarna elke getroude egpaar smag!

Eintlik is die onderhouding van die Tien Gebooie sinvol en bevrydend. Dit bring geluk en vreugde.

Maar dan moet die vernaamste eis van die Wet my motiveer:

Die liefde moet in my lewe wees!

As ek God liefhet met my hele wese en wil, vind ek vreugde en geluk in die Wet van God wat geen geld kan koop nie en wat geen geweld kan afdwing nie.

Soek jy ook hierdie vreugde en geluk? Kom dan na God wat jou liefhet en jou nou na Hom toe roep.

Frik van Deventer